

28 AUGUSTUS

**SKRIFGEDEELTE: 1 KORINTIËRS 1:4-9
FOKUSGEDEELTE: 1 KORINTIËRS 1:4**

’n Lofsang oor God se genade!

Die brief aan die gemeente in Korinte moet sekerlik een van die moeilikste briewe gewees het wat Paulus moes wegstuur. Die Korintiërs kan ons met reg ook Paulus se “probleemgemeente” noem. In sy afwesigheid het verskeie leraars volgelingen agter hulle begin versamel en die gevolg was verdeeldheid en partyskappe. Die harmonie in die gemeente is versteur en kerkskeuring het op ’n stadium ernstig begin dreig. Verder was daar ook op sedelike gebied ’n aantal krisisse waaraan die apostel dringend moes aandag gee. Ook die erediens het onder skoot begin kom, en om alles te vererger, het dwaalleer ook stelselmatig begin posvat. Omrede Paulus se reisplanne nie ’n besoek kon akkommodeer nie, was die skrywe van ’n brief, wat tydens die erediens aan die gemeente voorgelees sou word, die enigste uitweg. ’n Moeilike brief met ’n loodswaar inhoud, inderdaad! Maar let op hoe positief hanteer Paulus die sensitiewe saak. Voordat hy die gemeente baie skerp aanspreek en tereg wys, begin hy met danksegging. Ja, hy dank God sonder ophou oor die groot genade wat Hy deur Jesus Christus aan hulle geskenk het. Die grootste gawe wat hierdie gemeente ontvang het, was die gawe van woord en kennis. Daarmee saam is die boodskap van die evangelie ook diep in hulle harte ingegraveer en kon hulle staande bly teenoor die heidense misbruike en onsedelikheid.

Ongelukkig is dit van ons ook soms waar. Ja, hoe baie hoor ’n mens nie van partyskappe en verdeeldheid en selfs kerkskeuring nie. Selfs in ons huisgesinne moet ons soms hierdie hartseer van verdeeldheid en onderlinge spanning deurlief. Maar hier lê die geheim: Jesus Christus is die Groot Versoener. Hy is die Een wat mense by mekaar bring. Hy is die Een wat harte weer saamsnoer. Hy is die Een wat vrede en eenheid bewerk. Dit is die genade waarvan Paulus praat. Ja, maar veel meer: Jesus Christus is ook die Versoener tussen ons en God. Genadiglik vir u en my word hierdie heerlike gawe ook in ons lewens toegepas deur sy Heilige Gees. Stem dit u ook tot oorvloedige blydschap? Bring dit ook dankbaarheid en troos? Mag ons God altyd loof en prys vir sy genade in ons Here Jesus Christus!

Sing: Psalm 33:1

Ds Innes Nagel (Phalaborwa)